| 8 Mei | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**SONDAG 10 MEI 2026 SE EREDIENSTE:**

**09:00**

**Hangklipkerk**

Ds Jannie Hougaard

**Handelinge 17:21-31**

**09:00**

**Kleinmondkerk**

Ds Hendrik Saayman

**Handelinge 17:16-34**

LIG | DEERNIS | HOOP



# Oor soek en vind

Handelinge 17:21-31

10 Mei 2026
09:00
Hangklipkerk
Jannie Hougaard

# "Wie soek sal vind"

Handelinge 17:16-34




10 Mei 2026
09:00
Kleinmondkerk
Hendrik Saayman

LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# NUWE INTREKKERS

welkom by ons in die NG Gemeente Kogelberg. Kom maak asseblief 'n draai by die kerkkantoor of gee jou kontakbesonderhede vir een van ons dienswerkers of wyksouderlinge. Ons sal jou graag wil besoek!

†

Oom Izak Schoonraad voorheen van Doringboomlaan (KB4) is oorlede en sy gedenkdiens was Vrydag. Ons **meegevoel** met die familie.

## Geloofsvorming by die Kerksaal






# Pinkster 2026

## Die Heilige Gees vorm ons lewe

**Pinkster 2026 – NG Gemeente Kogelberg**

Donderdag 14 Mei 2026
**Die Gees is vir ons gegee**
*Handelinge 1:1-11*

Sondag 17 Mei 2026
**Die Gees vorm ons lewe**
*Handelinge 2:1-4 & 17-21*

Maandag 18 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons deernisvol**
*Kolossense 3:12*

Dinsdag 19 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons diensbaar**
*Galasiërs 5:13*

Woensdag 20 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons doelgerig**
*Efesiërs 2:10*

Donderdag 21 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons dankbaar**
*1 Tessalonisense 5:18*

Sondag 24 Mei 2026
***Ons lewe... ʻn fees vir die Gees***
*1 Korintiërs 12:3b-13*

## Die Heilige Gees vorm ons lewe

**Pinkster 2026 – NG Gemeente Kogelberg**

Ons bied hierdie jaar ons Pinksterreeks aan deur ʻn oggendreeks in Kleinmondkerk te hou en ʻn aandreeks in Hangklipkerk, behalwe op die twee Sondae wat daar by Kleinmondkerk en Hangklipkerk ʻn erediens om 09:00 sal wees.
Skakel gerus die kerkkantoor vir meer inligting.

| Datum | Kleinmond | Liturg | Hangklip | Liturg |
|---|---|---|---|---|
| Do 14 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| So 17 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 09:00 | Piet Botha |
| Ma 18 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Di 19 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Wo 20 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Do 21 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| So 24 Mei | 09:00 | Stephan Naudé | 09:00 | Heinrich Carstens |

# Program vir die week

## 10 - 15 Mei 2026

### Sondag 10 Mei

***17:00*** ***Kogelberg Kids***
*(Kerksaal)*

### Maandag 11 Mei

***11:30*** Preekwerkgroep (Kapel)

***17:00*** Diensverhoudingekommissie

### Dinsdag 12 Mei

***09:00*** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)

***11:00*** Vrouebybelstudie (Biblioteeksaal)

***16:30*** KM Gebedsgroep (Kapel)

### Woensdag 13 Mei

***17:00*** **Geen** Dissipelskapreis
(Hangklipkerk)

***18:30*** **Geen** Dissipelskapreis
(Kleinmondkerk)

### Donderdag 14 Mei

***09:00*** Erediens Kleinmondkerk

***18:00*** Erediens Hangklipkerk

***19:00*** Erediens VGK Kleinmond

### Saterdag 15 Mei

***08:30*** Eko-Skoonmaak

***15:00*** Agapé Vroue

***19:00*** **Pinksterdiens**
VGK Kleinmond

# Dinsdag




# Saterdag

## Skoonmaakaksie
## 16 Mei | 08:30 - 10:00

- **Waar: Ons maak die seepaadjies vanaf Swemstrand tot by Laer Kusweg skoon.**
- **Bymekaarkomplek: Ons kom bymekaar by die parkeerarea in 7de Straat.**
- **Onthou: Sakke, handskoene en steekpenne word verskaf. Bring waterskoene as julle het.**
- **Hoop om almal daar te sien!**



**Reëlings vir die skoonmaak**



EKO-BEDIENING
Die aarde behoort aan die Here

ENIGE VRAE?
KONTAK: CARLO VAN RENSBURG 0828408148





## Winterhoop & Omgee-boetiek

Barmhartigheidsbediening versoek lidmate om tydens Pinkster geleenthede asb. te kyk wat in hul kaste is wat oorbodig is en dit saam te bring na diensgeleenthede.

Ons soek veral warm klere en komberse vir die Winterhoop Projek maar dan ook vir die Omgee Boetiek. Die Omgee Boetiek ontvang enige klere, beddegoed en kombuisware en ons verseker lidmate alles word gebruik of weer versprei na daar waar daar 'n nood of behoefte is.

Corrie Hugo (084 877 5356) kan gekontak word indien u sou verkies dat ons items moet kom afhaal.

## Kogelberg se Getuienis



### STAPSKOENE EN BORGSKAPPE VIR SENDING: 23 MEI 2026

Die insameling vir ons gemeente se sendingbeurs vind binne die volgende 2 weke plaas: 'n staptog waardeur ons geld insamel om sendelinge te help om hierdie werk te kan doen.

Die Getuienisaksie versoek asseblief dat gemeentelede sal help om dit moontlik te maak deur saam te stap en/of 'n stapper te borg.
Borgvorms is na elke oggenddiens en by die kerkkantoor beskikbaar.

Die afgelope week was daar twee brokkies inspirasie vir ons almal:
• In die RSG-oggendboodskap (Sondag 3 Mei) het ds Jaco Strydom van Pretoria Jesus se woorde oor sy wederkoms aangehaal: "...*vir sover julle dit aan die geringstes gedoen het...*" Hy sê dit vra omgee, maar 'n mens spel omgee M-O-E-I-T-E!

• In hierdie tyd stap Francois Janse van Rensburg vanaf Windhoek na Somerset-Wes (1522 km) om geld in te samel. Vra jy hom langs die pad waarom hy dit doen, sê hy: *"vir 'n nagskuiling in Somerset-Wes!"*

Ons gemeente se stap vir sending is darem net 5 km lank.
Die roetes is soos volg:

- Kleinmond: Die 2 roetes begin by die parkeerarea oorkant die hoek van Kusweg en Derdestraat – een stap van 4 km loop tot by die hawe en terug, of die tweede een van 6 km tot by die drie kruise en terug.
- Hangklip:
    - In Bettysbaai vanaf die Stony Point-pikkewyne (die parkeerplek) tot by die hoofstrand en terug.
    - In Pringlebaai loop die roete met die kus langs vanaf Puntweg na die hoofstrand en terug. Albei Hangkliproetes is 5 km lank.

Navrae: Annetjie Strever **082 212 3146** of Esther Pretorius **082 786 3100**

# VAKATURE

## KOSTER-FAKTOTUM NGK KOGELBERG

***Aansoeke vanaf geskikte kandidate vir die pos van Koster-faktotum vir die NG Gemeente Kogelberg word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.***

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: *Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195*
- Kort CV van hoogstens 3 bladsye
- Afskrif van ID-dokument

Sluitingsdatum vir aansoeke: 16 Mei 2026 om 24:00
Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za

**Diensvoordele** sluit in:

- 'n Totale Koste vir Indiensneming pakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike ervaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.

**Die pligte sal onder andere die volgende insluit:**

- Dit sal van die faktotum verwag word om 25 tot 30 ure fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die faktotum sal aan die Eiendomskommissie en die kerkraad van die gemeente rapporteer.
- Sekuriteit
- Bestuur en instandhouding van eiendom tesame met die eiendomskommissie.
  Gereedmaak van die kerk vir eredienste.
  Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- 'n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.

**Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:**

- Basiese tegniese vaardighede om klein nood-herstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudings te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en verkieslik 'n kode 10 bestuurderslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die gemeente se streek gegee word.

Diensaanvaarding: 1 Julie 2026.



# KOGELBERG

## WARM-WINTERMARK

Pannekoek | Basaarpoeding

Hamburgers | Kerrie & Rys | Sosaties

Lewerkoekies | Sop- & Broodtafel

Omgee-boetiek | Plante | Boeke

Wit Olifante | Oom Sakkie se winkel

& 'n verskeidenheid markstalletjies

Potjiekoskompetisie

## & gratis koffie

NG KERKSAAL - KLEINMOND

25 JUNIE 16:00-20:00

26 JUNIE 10:00-20:00

27 JUNIE 08:00-14:00

# KOGELBERG

## WARM-WINTERMARK

### ORGANISEERDERS

| | |
|---|---|
| Basaarpoeding | Ninnie - 082 419 2938 |
| | Marietjie - 082 661 1862 |
| Boeke | Alta - 083 270 5698 |
| Hamburgers | Trudie - 082 457 6447 |
| Kerrie & Rys | Marius - 082 573 3790 |
| Koffie | Wolf - 082 823 6821 |
| Lewerkoekies | Ninnie - 082 419 2938 |
| Markstalletjies | Amanda - 082 453 8000 |
| Omgee-boetiek | Corrie - 084 877 5356 |
| Plante | Adele - 074 760 5305 |
| Soptafel | Sandra - 083 308 6170 |
| Sosaties | Hester - 079 511 2058 |
| Wit Olifante | Kerkkantoor - 028 271 3470 |

ONS HET JOU HULP NODIG: VOORBEREIDING; HULP BY DIE STALLETJIES; DONASIES VAN ITEMS, PRODUKTE OF KONTANT


Koffiebottels
Bring asseblief skoon leë koffiebottels met deksels na die Kerksaal vir die Kleinmond Sopkombuis!


WIT OLIFANTE
BOEKE & PLANTE
Een man se rommel is 'n ander ou se SKAT!
Ons benodig items vir ons Wit Olifante, Boeke en Plante!
Vir navrae/ skenkings - kontak die Kerkkantoor!


Winterhoop & Omgee-boetiek
Barmhartigheidsbediening versoek lidmate om tydens die Pinkstergeleenthede asseblief warm klere en komberse kerk toe te bring

# Kleinmond Vrouebybelstudie

## Maandag 11 Mei 2026

Sc1-4 om 15:00 by Comine Conradie, 2de Laan 36

## Dinsdag 12 Mei 2026

Sb4 om 10:15 in die Kapel by Kleinmondkerk

Kogelpark om 11:00 in die Biblioteeksaal van Kogelpark

Sa4 om 15:00 by Joan Marnewick, 1ste Laan 111

Bb1-4 om 15:00 by Bessie vd Walt, 10de Straat 34

KB6 om 15:00 in die Kuierkamer by Fynbospark

PM3 om 15:00 by Daleen Swart, Palmietweg 70

## Woensdag 13 Mei 2026

Ba1-3 om 10:00 by Ita le Roux, 7de Straat 57

HK3 om 10:00 by Leanda Miessne, Ursinialaan 51

## Donderdag 21 Mei 2026

PM1 - 4 & 5 om 15:00 by Daphne Loots, Alheitstraat 33

# Veels Geluk

aan ons lidmate wat een van die dae verjaar!





## Saterdag 9 Mei

Paula Calitz 082 788 3211 (KB1)

## Sondag 10 Mei

André Botha 082 9033610 (PM4)

Handré Gerber (Ba3)

Susan Mongie 082 262 5696 (PB2c)

Callie Strydom 084 666 6977 (PM3)

Valerian Strydom 083 662 1446 (Sa3)

Alna Van der Merwe (Bb 2)

Joey Zeeman (Ba2)



## Maandag 11 Mei



Geoff Anderson (HK3)

MJ Calitz (Bb1)

Klasie Engelbrecht 072 312 8697 (Sb4)

Rey Liebenberg 082 902 8397 (Ba1b)

Sally v Heerden 082 776 8127 (KB1)

Izak v Niekerk 083 226 6986 (BB2)

## Dinsdag 12 Mei

Niekie Bernard (KB5)

Pauline Biggs (BB1b)

Bettie Jackson 083 602 6943 (Sa2)

Magdalena O'Grady 072 804 9721 (KB3)

Albert Smit 082 773 7447 (Ba1b)

Jannie v Huyssteen 083 454 3753 (Bb 4)

## Woensdag 13 Mei

Marthie Barnard 084 400 4288 (HK1)

Heinie Foot 082 772 2764 (BB3)

Hérine Fourie 082 894 4601 (Sc3)

Helet Le Roux 082 460 4961 (KB4)

Bettie Richter 082 499 0211 (PB1)

Elrien Scheepers 082 789 8600 (Sa3)

## Donderdag 14 Mei

Elsabé Coetzee 071 877 5277 (KB1)

Lina Le Roux 082 447 8510 (Sa4)

Amoré Pretorius 072 768 6657 (Sc2)

Julina Steenkamp 069 148 5382 (HK3)

## Vrydag 15 Mei

Frikke Calitz 073 009 6755 (Ba3)



# Om antwoorde oor ons geloof te gee

## Handelinge 17:21-31

GESPREKSBLAD VIR GROEPE

## GROEPGESPREKKE | 11 – 16 MEI 2026

**1. Gesels bietjie saam...**
- Was jy al ooit in ‘n situasie waar jy jou geloof moes verdedig?
- Of het jy al ooit voor ‘n groep mense oor jou geloof moes praat?
- Is dit vir jou maklik of moeilik om oor jou geloof te getuig?
- Hoekom dink jy is dit so?

**2. Ons storie nou...**
- Paulus spandeer baie van sy tyd daaraan om met mense te debatteer. Dink jy dit help om met mense oor geloofsake te debatteer?
- Wat weet jy van die ‘onbekende God’ waarvan Paulus praat?

**3. God se storie...**
Lees Handelinge 17:21-31 as groep saam uit twee of drie verskillende vertalings en verken dan die teks aan die hand van die volgende vrae:
- Paulus was ontsteld (vers 17) toe hy sien hoeveel afgode die Ateners aanbid. Hoe voel julle tans oor die afgodery wat julle rondom julle waarneem?
- Deur 'n altaar vir 'n onbekende god op te rig, het die Ateners erken dat daar 'n betekenisvolle god kan wees oor wie hulle onkundig is. Hoe gebruik Paulus dit om die Evangelie aan hulle te verkondig?
- Gesels oor hierdie uitdrukking: “Want deur Hom leef ons, beweeg ons en bestaan ons”.
- Ons word geroep om ons te ‘bekeer’. Wat dink julle beteken dit? Wat is die verskil tussen ‘wedergeboorte’ en ‘bekering’?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**
Verbeel jou vir ‘n oomblik jy staan voor die Areopagus. Hoe sal jy vir mense jou geloof verwoord? Skryf dit neer.
Wanneer jy getuig oor dit wat die Here in jou lewe gedoen het, is die kans goed dat jy gespot sal word. Hoekom? Hoe moet ons dit hanteer?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede.**

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag 11 Mei 2026 – Handelinge 17:21-31
- Dinsdag 12 Mei 2026 – Psalm 47
- Woensdag 13 Mei 2026 – Efesiërs 1:15-23
- Donderdag 14 Mei 2026 – Handelinge 1:1-11
- Vrydag 15 Mei 2026 – Lukas 24:44-53
- Saterdag 16 Mei 2026 – Handelinge 2:1-4 & 17-21